# HOOFSTUK DRIE

## 'N LOKASIE OP PAD NA GROTER SELFSTANDIGHEID - 1945-1972

Die nuwe bestuurstruktuur, wat vanaf 1944 in die vorm van 'n voltydse lokasiesuperintendent en Adviesraad ingestel is, het 'n groter mate van selfstandigheid vir die Lokasies meegebring. Met Lokasie Twee as groeipunt van swart dorpsontwikkeling in die Schweizer-Reneke-gebied, het die Dorpsraad 'n nuwe bestuurstruktuur vir albei lokasies ingestel.

### 3.1 PLAASLIKE BESTUUR

**Lokasiesuperintendente**

1944-1945 P.S. Lubbe
1945-1961 P.J. Pretorius
1961-1979 J.C. Louw

Nadat mnr. P.S. Lubbe in 1944 deur die Dorpsraad van Schweizer-Reneke as eerste voltydse Lokasiesuperintendent aangestel is, het hy met sy werksaamhede begin. As deel van sy pligstaat het hy huurgelde van die lokasie-inwoners ingevorder en hy was ook by magte om rondloperdiere in die munisipale gebied, wat die lokasie ingesluit het, te skut.

**Eerste Adviesraad in plek gestel**

Die lede van die eerste Adviesraad wat gerealiseer het, was mnre. Dawid Motjale, Saddath Thakanyane en Jonas Honoko.

Die swart bestuurstruktuur is in 1945 nog verder deur die Dorpsraad uitgebrei deurdat 'n Adviesraad vir Lokasie Een en Lokasie Twee gekies is. Hierdie Adviesraad het uit drie lede bestaan, wat almal in die lokasies woonagtig was.[1]

**1947 se Adviesraad**

Die tweede Adviesraad wat in 1947 gekies is, was mnre. David Kwenamore, Dawid Motjali en Petrus Nkopelang as gekose lede en mnre. Frans Meyer, George Botha en tan Moketi as benoemde lede.

(Bron: TAB, MSR, 1/1/6: Dorpsraadnotules, Notule, 16.03.1947.)

Vanaf 1946 het die Dorpsraad die verkiesing van die Adviesraad aan die Lokasiesuperintendent oorgelaat. Nominasies moes egter vir goedkeuring aan die Dorpsraad voorgelê word. Dit was ook sy plig om toe te sien dat die Adviesraad elke maand vergader en dat die notules van die vergadering aan die Dorpsraad beskikbaar gestel word.

---

1 Nasionale Argiefbewaarplek (NAB), Argief van die Stadsklerk van Schweizer-Reneke (MSR), 1/1/6: Dorpsraadnotules, Notule, 15.02.1945.

Die tweede Adviesraad wat in 1947 gekies is, was 'n uitbreiding van die eerste een en het uit ses lede bestaan. Met hierdie Raad het die swart inwoners gedeeltelike inspraak in die verkiesing van die Adviesraad bekom, aangesien die gekose lede uit hulle nominasies aangestel is. Die benoemde lede is deur die Dorpsraad van Schweizer-Reneke en die lokasiesuperintendent as deel van die Adviesraad aangestel.[2]

Behalwe vir die Adviesraad is die Lokasiesuperintendent ook deur twee swart polisiekonstabels bygestaan. Een van hierdie konstabels moes ook alle treine wat die stasie aandoen, inwag en die besoekers behulpsaam wees. Daar moes verder toegesien word dat niemand die lokasie sonder toestemming binnegaan nie.[3]

## 3.2 LOKASIE TWEE[4] BREI UIT

Vroeg in 1948 is mnr. Pretorius deur die Dorpsraad van Schweizer-Reneke versoek om 'n skema voor te lê met die oog op die beskikbaarstelling van meer afgemete standplase in Lokasie Twee.[5] Hiermee wou die Dorpsraad die verskuiwingsproses na Lokasie Twee versnel. Verder het die toenemende getal lokasie-inwoners, wat tussen 1 290 en 2 196[6] was, die behoefte aan gebiedsuitbreiding verder vergroot.

Pretorius het aanbeveel dat Lokasie Twee aan die suidwestelike kant uitgebrei moes word. Sy voorstelle is aanvaar en die woongebied is vergroot. Hierdie uitbreiding was nagenoeg 25 hektaar groot en daar is 320 nuwe standplase uitgemeet.[7]

Die vergrote lokasie het aan die plaas Zylstroom van mnr. G.P. van Zyl gegrens. Dit sou later groot probleme vir die Dorpsraad van Schweizer-Reneke skep.[8] (Kyk afdeling 3.7.1.)

## 3.3 "INWONERSVRIENDELIKE" LOKASIE GESKEP

Met die uitbreiding moes dienste noodgedwonge deur die Dorpsraad van Schweizer-Reneke aangepas word om die toenemende getal swart inwoners te bedien. Die verbeterde dienste kan ook

---

2 NAB, MSR, 1/1/6: Dorpsraadnotules, Notule, 16.03.1947.

3 NAB, Argief van die Direkteur van Plaaslike bestuur (TPB), TALG 507: Inspeksieverslag van die lokasie by Schweizer-Reneke op 23.07.1949.

4 Sien 2.4

5 NAB, MSR, 1/1/6: Dorpsraadnotules, Notule, 30.01.1948.

6 Suid-Afrika, Buro vir Statistiek, **Stedelike en plattelandse bevolking van Suid-Afrika, 1904-1960**, verslag no. 02-02-01, 1960.

7 NAB, MSR, 1/1/6: Dorpsraadnotules, Notule, 19.03.1948.

8 Vergelyk 3.8: Mnr. G.P. van Zyl versus die Dorpsraad van Schweizer-Reneke.

beskou word as 'n poging van die Dorpsraad om Lokasie Twee meer "inwonersvriendelik" te maak. Verskuiwing is ook so aangemoedig.

- *Sanitasie*

Aan die einde van 1945 is daar verbeterings aan die sanitêre geriewe in Lokasie Twee aangebring. Die Dorpsraad het nog 15 gemeenskaplike toilette laat oprig, aangesien die bestaande geriewe onvoldoende was. Die inwoners is ook sterk aangemoedig om private sanitêre geriewe op te rig.[9]

- *Watervoorsiening*

Na die uitbreiding van Lokasie Twee het die watervoorsiening ontoereikend geword en die Dorpsraad het gedurende Maart 1950 besluit dat dit verbeter moet word. Teen die middel van 1950 is die nuwe boorgat deur mnr. T. Booyens, wat die tender ontvang het, in Lokasie twee gesink. Daar is 'n oliepomp en opgaartenk op die boorgat aangebring.[10]

Aangesien die nuwe uitbreiding van Lokasie Twee nog nie 'n waterbron gehad het nie, was daar dus 'n groot behoefte aan watervoorsiening. Mnr. Booyens het volgens sy tender ook daar 'n boorgat gesink. Dit is dan ook met 'n windpomp en opgaartenk toegerus.[11]

- *Gesondheidsdienste*

In 'n poging om 'n kliniek in Lokasie Twee op te rig, moes die Dorpsraad van Schweizer-Reneke weer gebruik maak van hulp van buite. So het die Departement van Bantoesake gedurende 1950 120 pond per jaar vir die saak bewillig terwyl die Departement van Gesondheid bereid was om 'n derde van die swart verpleegster se salaris te betaal. Ander organisasies soos die Rooikruis en plaaslike Vrouesendingbond het ook bydraes gelewer.[12]

Nadat genoeg geld ingesamel is, is die kliniek in 1952 tot stand gebring. Dit was klaarblyklik nie altyd moontlik om die dienste van 'n opgeleide swart verpleegster te bekom nie, en daar kon dikwels nie 'n diens gelewer word nie.[13] Gedurende 1979 is Suster R.T. Birkholtz as voltydse

---

9 NAB, MSR, 1/1/6: Dorpsraadnotules, Notule, 11.12.1948.
10 NAB, MSR, 1/1/6: Dorpsraadnotules, Notule, 28/29.03.1950.
11 NAB, MSR, 1/1/6: Dorpsraadnotules, Notule, 12.06.1950.
12 NAB, MSR, 1/1/6: Dorpsraadnotules, Notule, 20.11.1950.
13 M.M.B. Liebenberg, **Schweizer-Reneke**, p. 69.

blanke verpleegkundige by die kliniek aangestel en dit het tot die "opgradering" van die gesondheidsdienste in Ipelegeng bygedra.[14]

- ***Verbeterde dienste en die verskuiwingsproses***

Behalwe vir die verbeterde dienste het die Dorpsraad van Schweizer-Reneke ook vervoer verskaf om die boumateriaal van trekkers vanaf Lokasie Een na Lokasie Twee te bring.[15] So het laasgenoemde 'n al hoe beter proposisie vir die swart inwoners geword, en die verskuiwingsproses het versnel. Dit blyk veral uit die feit dat Lokasie Twee infrastruktureel ontwikkel het, terwyl dienste in Lokasie Een staties was, en inderdaad agteruitgegaan het.

### 3.3.1 Onderwys en skole in Lokasie Twee

Teen April 1949 is sewe van die tien kerkgeboue as klaskamers vir die Schweizer-Reneke Amalgamated School gebruik. Daar was nagenoeg 440 leerlinge in die skool.[16] Daar sou egter spoedig drastiese veranderinge vir die kerkondersteunde skole in Suid-Afrika kom wat in ooreenstemming met die apartheidsbeleid van die Nasionale Regering was.

As gevolg van die wedywering wat daar tussen die verskillende swart kerke en kerkorganisasies in Suid-Afrika ontwikkel het, was die regering genoop om die bestaande kerkondersteunde stelsel in 'n staatsondersteunde een te omskep. As aanloop tot die omskepping van die swart onderwysbeleid en -stelsel is daar gedurende 1949 'n kommissie van ondersoek onder leiding van dr. W.W.M. Eiselen, 'n Volkekundige verbonde aan die Universiteit van Pretoria,[17] ingestel.

Uit die Eiselen-kommissie se verslag het die Regering 'n nuwe swart onderwysbeleid opgestel. Volgens hierdie Onderwyswet van 1953 was beheer van die swart onderwys nie meer in die hande van die Provinsiale Administrasie nie maar is dit aan die Departement van Naturellesake oorgegee en het die Staat die meeste van die kerkondersteunde skole oorgeneem.[18]

So het dit dan ook gekom dat die Schweizer-Reneke Amalgamated School gedurende 1953 onder Regeringsbeheer geplaas is.[19] Dit het beteken dat die voorrade soos kryt en boeke van die Staat

---

14 Ipelegeng Kliniek (IK), Mondelinge mededeling, R.T. Birkholtz, voormalige klinieksuster/S.J. Bester, 13.04.1995.
15 NAB, TPB, 176, TALG 507: Inspeksieverslag van die lokasie by Schweizer-Reneke op 12 Junie 1949, p. 2.
16 NAB, TPB, 176, TALG 507: Inspeksieverslag van die lokasie by Schweizer-Reneke op 23 Julie 1949, p. 7.
17 B.F. Nel, **Aspekte van die onderwys-ontwikkeling in Suid-Afrika**, pp. 121, 131.
18 J. Coetzee, **Onderwys in Suid-Afrika, 1652-1960**, pp. 460-463.
19 Kolong Skool (KS), Ipelegeng, Inskrywing in Logboek, 25.06.1953.

ontvang is.[20] Behalwe vir Afrikaans en Engels as amptelike landstale sou die moedertaal tot minstens st. 5 (graad 7) die meduim van onderrig wees.[21]

'n Skoolraad is deur die ouergemeenskap vanuit hulle eie geledere gekies, en so het die ouers vir die eerste keer deel gehad aan die onderwysstelsel. Verder is die skool se naam ook na die oordrag na die Schweizer-Reneke Gekombineerde Laer en Hoër Primêre Bantoegemeenskapskool verander.[22]

Die gemeentekinders van die kerke wat nie hulle fasiliteite vir die skool beskikbaar wou stel nie, is nie in die skool toegelaat nie. So moes die kinders van die Orthodox-African Mission en die Lutherse Kerk die skool verlaat omdat die kerke se geboue nie as skool gebruik is nie.[23]

Genoegsame ruimte was egter 'n probleem want die kerkgeboue was ontoereikend. As oplossing van die probleem is die pelotonstelsel[24] in 1952 ingestel.[25] Die AME-privaatskool het in 1952 ook by die regeringskool aangesluit.[26] Dit het die leerlingtalle verder opgestoot en die dringendheid van 'n skoolgebou is daardeur beklemtoon.

Om 'n skoolgebou op te rig, sou fondse egter nodig wees. Die hele gemeenskap het daarmee gehelp, en gedurende 1961 is 'n basaar en konsert gehou om die finansies aan te help.[27] Klaskamers en kantore is in die vroeë 1960's opgerig.

Ten spyte van gebrekkige fasiliteite het die skool met groot ywer aan buitemuurse bedrywighede soos sport- en kultuuraktiwiteite deelgeneem. Op sportgebied is daar byvoorbeeld deelgeneem aan atletiek en sokker, terwyl koorkompetisies ook gehou is.[28]

Teen 1960 het die skool 692 leerlinge gehad, en die getal het in 1962 tot 832 gestyg. Waarskynlik was die groeiende getal een van die redes waarom die Skoolraad die Departement van Bantoe-

---

20 KS, Ipelegeng, Inskrywing in Logboek, 15.10.1953.
21 B.F. Nel, **Aspekte van die onderwys-ontwikkeling in Suid-Afrika**, p. 133.
22 KS, Ipelegeng, Inskrywing in Logboek, 07.06.1949.
23 KS, Ipelegeng, Inskrywing in Logboek, 10.01.1952; 18.08.1952.
24 Met die pelotonstelsel word meer leerlinge die geleentheid gebied om die skool by te woon. Die eerste groep leerlinge het hulle klasse in die oggend. Nadat die skool verdaag het gaan hulle huis toe. Hierna kom 'n tweede groep leerlinge vir hulle klasse in die middag. So kan die beperkte fasiliteite tot die maksimum gebruik word.
25 KS, Ipelegeng, Inskrywing in Logboek, 11.07.1952.
26 KS, Ipelegeng, Inskrywing in Logboek, 15.05.1952.
27 KS, Ipelegeng, Inskrywing in Logboek, 11.11.1961.
28 KS, Ipelegeng, Inskrywing in Logboek, 30.10.1959 en 12.03.1960.

onderwys vroeg in 1962 versoek het dat die skool in 'n hoër en laer primêre skool verdeel moes word.[29]

Die Laer Primêre Bantoegemeenskapskool het, nadat die versoek toegestaan is, die naam Tshwaraganelo Laer Primêre Bantoegemeenkapskool aangeneem.[30] Hierdie skool het in 1963 reeds 'n leerlingtal van 772 gehad.[31]

Die Hoër Primêre Bantoegemeenskapskool het die naam Boitshoko Hoër Primêre Bantoegemeenskapskool gebruik. Daar was egter 'n probleem ten opsigte van die naam, aangesien Boitshoko reeds as naam vir 'n skool in gebruik was. Gedurende Oktober 1967 het die skool van naam verwissel en is dit vernoem na 'n spruitjie wat by Schweizer-Reneke in die Hartsrivier vloei - Kolong.[32]

Albei skole is ook deur onderwysstudente van byvoorbeeld die Bethel Opleidingskool besoek. Hier het hulle as voornemende opvoeders kennis gemaak met die praktiese sy van die beroep.[33]

Soos wat die apartheidsbeleid van die Nasionale Regering begin vorm aanneem het, het die daarstelling van afsonderlike onderwysstelsels vir die verskillende bevolkingsgroepe 'n werklikheid geword. In Oktober 1958 het Bantoe-onderwys 'n afsonderlike Staatsdepartement met 'n eie minister geword. Binne hierdie stelsel het die staat ook voortgegaan om gemeenskapskole soos die laer- en hoër primêre skole in die lokasie by Schweizer-Reneke te finansier.[34]

Teen die helfte van 1962 het die Transvaalse Vrouesendingvereniging (T.V.S.V.) sowat R500 vir die oprigting van 'n bewaar-/kleuterskool beskikbaar gestel.[35] Hier is daar gebruik gemaak van vrywilligers en kos is deur die helpers self voorberei en aan die kinders verskaf. Dit het sake vir die werkende moeders vergemaklik, en beslis 'n behoefte in die gemeenskap vervul.

Behalwe vir skenkings en bydraes het die ouers ook 'n minimale bedrag betaal. Dit was egter nie voldoende om aan al die behoeftes te voldoen nie, en die nodige finansies was 'n groot probleem.

---

29 Sentrale Argiefbewaarplek (SAB), Argief van die Departement van Onderwys en Opleiding (DOO), A 1148: Skoolhoof, Schweizer-Reneke/Kringinspekteur van Bantoe-onderwys, 17.02.1962.

30 SAB, DOO, A 10785: Sekretaris van Bantoe-onderwys/Streeksdirekteur van Bantoe-onderwys, 17.05.1962.

31 SAB, DOO, A 10785: Application for the employment of a privately paid teacher at a subsidized Bantu school, Tshwaraganalo Lower Primary School, 04.03.1963.

32 SAB, DOO, A 10785: Sekretaris van die Bantoe-onderwys/Streeksdirekteuur van Bantoe-onderwys, 12.10.1967.

33 KS, Ipelegeng, Inskrywing in Logboek, 25.11.1963.

34 J. Coetzee, **Onderwys in Suid-Afrika, 1652-1960**, p. 466.

35 H.P. Maree, **Die ou pad**, p. 114.

Om sake te vererger het van die voorrade ook gereeld weggeraak en die skool moes in die laat 1960's gesluit word.[36]

## 3.4 DIE NG-KERK EN ANDER KERKGENOOTSKAPPE IN DIE LOKASIES

Dit was in die laat 1940's dat daar ook op kerklike gebied verdere ontwikkeling en groei plaasgevind het. Teen 1949 was daar behalwe vir die NG-Kerk nog nege ander kerke wat gemeentes in Lokasie Twee gehad het. Dit was die African Methodist Episcopal-kerk, Bechuana Methodist-Kerk, Bethal Mission-Kerk, London Mission-Kerk, Anglikaanse Kerk, Metodistekerk, Independent Mission, Orthodox-African Mission-Kerk en die Lutherse Kerk. Dit blyk dat daar nie 'n sterk band van samewerking tussen die verskeidenheid van kerke in Lokasie Twee was nie.[37]

Vroeg in 1948 het die Kerkraad van die Nederduitse Gereformeerde (NG) Kerk besluit om 'n blanke sendeling te beroep. Hy het saam met Eerwaarde S. Thakanyane in die sendinggemeente gearbei. Eerwaarde L.I. Ferreira het die beroep aangeneem en so die eerste blanke sendeling in die Schweizer-Reneke-gebied geword.[38]

| **Blanke sendelinge by Schweizer-Reneke** | |
|---|---|
| 1948-1950 | L.I. Ferreira |
| 1952-1956 | H.A. Muller |
| 1956-1959 | P.H. Slabbert |
| 1961-1963 | A. Boshoff |
| 1963-1965 | B.H. Groenewald |
| 1966-1972 | B. van der Spuy |

Blanke sendelinge en swart evangeliste wat in die NG-gemeente in die lokasie gearbei het, het as medewerkers take soos die behartiging van eredienste, bediening van die sakramente en die waarneming van begrafnisse onder mekaar verdeel, na gelang van die behoefte. Daar was dus nie spesifieke take en pligte wat deur die een of die ander verrig is nie.

So byvoorbeeld was die een by buitedienste betrokke terwyl sy kollega die erediens in die swart woongebied waargeneem het. Verder is die gemeente ook so verdeel dat albei medewerkers bepaalde gesinne in die gemeente onder pastorale sorg gehad het.[39]

Die sendelinge het ook in samewerking met die evangeliste basaars gehou om fondse in te samel. Die kinders van die gemeente het Sondae Sondagskool en katkisasieklasse bygewoon, en

---

36 NGK, Mondelinge mededelings, L. Groenewald, Weduwee van voormalige sendeling/S.J. Bester, 26.04.1996.

37 NAB, TPB, 176, TALG 507: Inspeksieverslag van die lokasie by Schweizer-Reneke op 23 Julie 1949, p. 7.

38 H.P. Maree, **Die ou pad**, p. 99.

39 Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK), Mondelinge mededeling, A. Boshoff, Voormalige sendeling/S.J. Bester, 01.03.1996..

Bybelkenniseksamens is ook gereeld geskryf.[40] Met ander woorde, daar was basies dieselfde gemeentelike bedrywighede wat by blanke kerke in Suid-Afrika aangetref is.

Daar is ook projekte binne die gemeente, veral deur die blanke sendelinge, geloods om soveel moontlik siele met die Christelike boodskap te bereik. So is daar byvoorbeeld rolprentaande gehou waar rolprente met 'n geestelike strekking vertoon is.[41]

Die hoër- en laer primêre skole is ook op gereelde basis deur die leraars besoek. By sulke geleenthede is daar 'n boodskap aan die leerlinge gebring, en films wat aansluit by die Bybelsillabus is ook vertoon. Die kerk was ook ten nouste by die insameling van fondse vir die skool betrokke. Dit is dan ook getuienisse van die sterk band wat daar veral tussen die NG-Kerk en die skole bestaan het.[42]

## 3.5 VERWIKKELINGE OP HANDELSGEBIED

Net soos die ontwikkeling op onderwysgebied nie altyd vlot verloop het nie, was die pad na die eerste swart handelslisensies ook nie sonder probleme en ontevredenheid nie. So vroeg as 1947 het van die swart inwoners by die Dorpsraad van Schweizer-Reneke aansoek gedoen om handelslisensies. Van hierdie eerste aansoeke was van Eerwaarde Sabbath Thakanyane, wat 'n algemene winkel wou open, en mnre. Elias Mosaia en Jonas Kikilane, wat graag varsprodukte in Lokasie Twee wou bemark.[43]

Bogenoemde aansoeke was egter nie suksesvol nie. Tog het die Dorpsraad die behoefte aan 'n infrastruktuur ten opsigte van handelsbedrywighede raakgesien, en gedurende 1949 is mnr. B.A. van Niekerk se aansoek om 'n handelslisensie toegestaan. Hiermee het hy toestemming ontvang om 'n winkel wat hoofsaaklik handel met die swart inwoners ten doel gehad het, te open. Dit was ook op 'n terrein wat naby die lokasie geleë was.[44] Alhoewel hierdie winkel 'n dringende behoefte vervul het, het dit ontevredendheid onder die lokasie-inwoners veroorsaak. Hulle het waarskynlik gevoel dat dit onregverdig was aangesien die aansoeke uit hul eie geledere nie toegestaan is nie. As uitvloeisel van die ontevredenheid is 'n petisie van sowat 102 ondertekenaars aan die Dorpsraad oorhandig.[45] Die petisie het nie die toedrag van sake verander nie. Dit was eers in die laat 1960's

---

40 NGK, Mondelinge mededeling, B. van der Spuy, Voormalige sendeling, Parys/S.J. Bester, 14.03.1996.
41 NGK, Mondelinge mededeling, A. Boshoff, Voormalige sendeling, 01.03.1996.
42 KS, Ipelegeng, Inskrywing in Logboek, 14.12.1948 en 27.09.1957.
43 NAB, MSR, 1/1/6: Dorpsraadnotules, Notule, 18/19.09.1947.
44 NAB, MSR, 1/1/6: Dorpsraadnotules, Notule, 02.03.1949.
45 NAB, MSR, 1/1/6: Dorpsraadnotules, Notule, 02.03.1949.

dat die Dorpsraad van Schweizer-Reneke besigheidserwe in die swart woongebied beskikbaar gestel het.

Voornemende swart handelaars kon aansoek doen om 'n handelslisensie, en 'n winkel volgens bepaalde spesifikasies oprig.[46] Die geboue is dan ook op gereelde basis deur die plaaslike Gesondheidsinspekteur, mnr. H. Maree, besoek. So is daar verseker dat die winkel aan die bepaalde vereistes voldoen.

Hierdie eerste winkels het in 'n mate in die basiese behoeftes van die swart inwoners voorsien. Daar was byvoorbeeld 'n hout- en kolewinkel waar vuurmaakbenodigdhede gekoop kon word, en ook winkels wat in varsprodukte handel gedryf het.[47]

Mnr. John Chewanyane was die eerste winkeleienaar in Lokasie Twee. Op 7 Januarie 1966 is 'n lisensie deur die Lisensieraad van die Dorpsraad aan hom uitgereik. Volgens hierdie lisensie kon hy vars groente verkoop en 'n restaurant bedryf. Die winkel se naam was Bantu Supply Store.[48] In dieselfde jaar, op 20 Julie, is 'n lisensie aan mnr. Paul Lebitsa uitgereik. Hy het 'n houtpakhuis gehad. Die lokasiebewoners kon hier hout vir vuurmaakdoeleindes koop.[49]

Pheo Dairy is in 1967 deur mnr. Daniël Pheo in die lokasie geopen. Behalwe vir melk kon ander varsprodukte soos groente daar gekoop word.[50]

Mnr. White Amstrong het as Kleurling in 1970 'n handelslisensie vir 'n kafee ontvang. Hy moes nadat 'n Kleurlingwoongebied in 1984 by Schweizer-Reneke ontwikkel is, sy handelsbedrywighede in Lokasie Twee staak en 'n nuwe kafee in die Kleurlingwoongebied begin.[51]

Die eerste swart sakevrou, me. Hilda KGosing, het ook in 1970 haar handelslisensie ontvang. Sy is 'n algemene handelaar en haar winkel wat vandag nog sake doen se naam is KGosing Store.[52]

---

46 Oorgangsraad: Ipelegeng (OI), Mondelinge mededelings, I. Koki, Munisipale klerk/S.J. Bester, 22.03.1996.

47 Oorgangsraad: Schweizer-Reneke (OSR), 2/2: Lisensies: Handelen Algemeen, Vol. 1, Lisensie aansoeke, 20.07.1966 en 19.01.1967.


48 OSR, 2/2: Lisensies: Handel en algemeen, Vol. 1, Lisensie aansoek, 07.01.1966.

49 OSR, 2/2: Lisensies: Handel en algemeen, Vol. 1, Lisensie aansoek, 20.07.1946.

50 OSR, 2/2: Lisensies: Handel en algemeen, Vol. 1, Lisensie aansoek, 19.01.1967.


51 OSR, L 11/4: Handels- en munisipale lisensies en toesiggeld: Lisensie aansoek, 24.02.1970.

52 OSR, L 11/4: Handels- en munisipale lisensies en toesiggeld: Lisensie aansoek, 22.09.1970.



Die winkel van me. Hilda KGosing - KGosing Store (**Bron:** Me. S.J. Bester)

Nadat 'n biersaal in 1967 in Lokasie Twee opgerig is, het die Dorpsraad van Schweizer-Reneke sorghumbier aan die swart inwoners verkoop. Hierdie bier is nie plaaslik vervaardig nie maar is van 'n sorghumbierbrouery, vermoedelik Potchefstroom, bestel. Alhoewel die biersaal onder die beheer was van die Lokasiesuperintendent, mnr. J.C. Louw, is 'n blanke toesighouer aangestel.[53]




Die Biersaal (**Bron:** Me. S.J. Bester)

## 3.6 GEDWONGE VERSKUIWING: VAN ZYL VERSUS DIE DORPSRAAD

Aangesien Lokasie Twee met die uitbreiding van 1948 (kyk 2.2) aan mnr. G.P. van Zyl se plaas Zylstroom gegrens het, was daar veral vanaf die middel 1950's spanning tussen Van Zyl en die lokasie-inwoners. Oor en weer beskuldigings van dieremishandeling, rommelstrooiery en

---

[53] OSR, F 9/3: Begroting: Bantoerekening, Vol. 1, Inkomsterekening vir die boekjaar 1967-1968.




Die ligging van die lokasie soos wat dit aan Zylstroom van Mnr. G.P. van Zyl gegrens het

(**Bron**: Schweizer-Reneke Dorpsraad (SRD), N1/1)

vandalisme is gemaak. Nadat hy die Dorpsraad se aandag op die probleme gevestig het, het hy gedurende 1956 aan die Departement van Naturellesake geskryf om sy saak te bepleit.[54]

Aangesien daar geen daadwerklike reaksie was nie, het Van Zyl ook aan die destydse Minister van Naturellesake geskryf en die situasie verduidelik - dog sonder sukses.[55]



Mnr. G.P. van Zyl (Bron: Mev. S. Whitaker)

Mnr. G.P. van Zyl het gedurende Julie 1957 weer sy klagtes teen die swart inwoners aan die Dorpsraad van Schweizer-Reneke gestel. Volgens hom het hy baie probleme met rondlopers en vee vanuit die lokasie gehad. Dit het gebeur omdat die grenslyn gereeld beskadig is en die vee dan na mnr. Van Zyl se lande deurgebreek het. Verder het rommel van die lokasie ook op sy eiendom beland.[56]

Op hul beurt het die lokasie-inwoners op 7 Augustus 1957 'n klagstaat teen mnr. G.P. van Zyl aan die magistraat van Schweizer-Reneke oorhandig. Hierin is byvoorbeeld gekla dat mnr. Van Zyl hul vee onregmatig geskut het, en dat hy die geskutte diere mishandel het.[57] Dit blyk dat die klagtes van beide kante geregverdig was, en dit het spanning tussen die twee partye veroorsaak. Om die situasie te ontlont, is daar gedurende Augustus 1957 'n openbare vergadering in Lokasie Twee deur Lokasiesuperintendent P.S. Pretorius gereël. Die doel was om die klagtes van mnr. Van Zyl met die swart inwoners te bespreek. Daar is egter nie klinkklare oplossings vir die probleme en klagtes gevind nie.[58]

Van Zyl was van mening dat die Dorpsraad die oorsaak van die probleem was, aangesien hulle die uitbreiding goedgekeur het. Dit het die verhouding tussen hulle versuur. Toe die Dorpsraad hom

---

54 SAB, Argief van die Sekretaris van Naturellesake (NTS), 5986,102/313 N: Sekretaris van Naturellesake, Pretoria/G.P. van Zyl, Schweizer-Reneke, 05.09.1956.

55 Sentrale Argiefbewaarplek (SAB), Argief van die Sekretaris van Naturellesake (NTS), 5986, 102/313 N: Minister van Naturellesake, Pretoria/G.P. van Zyl, Schweizer-Reneke, 12.10.1956.

56 OSR, N 1/1: Brief: G.P. van Zyl, Schweizer-Reneke/W.P. Els, Stadsklerk, Schweizer-Reneke, 08.08.1957.

57 OSR, N 1/1: Brief: W.P. Els, Stadsklerk, Schweizer-Reneke/Adviesraad, Schweizer-Reneke, 07.08.1957.

58 OSR, N 1/1: Brief: G.P. van Zyl, Schweizer-Reneke/W.P.Els, Stadsklerk, Schweizer-Reneke, 08.08.1957.

MUNICIPALITY OF SCHWEIZER RENEKE.

PROPOSED EXPROPRIATION OF PROPERTY : PORTION 42 (A PORTION OF PORTION 24 known as Zylstroom) OF THE FARM SCHWEIZER RENEKE TOWN AND TOWN LANDS.

Notice is hereby given in terms of section 33 of the Housing Act (Act No. 10 of 1957) and in terms of the Authority issued by the Minister of Housing that it is the intention of the Village Council to expropriate the property, Portion 42 ( aportion of portion 24 known as Zylstroom) of the farm Schweizer Reneke Town and Town Lands.

J. C. BUYS.
TOWN CLERK.

Municipal Offices,
SCHWEIZER RENEKE.
4th July, 1963.

MUNISIPALITEIT VAN SCHWEIZER RENEKE.

VOORGENOME ONTEIENING VAN EIENDOM : GEDEELTE 42 ('N GEDEELTE VAN GEDEELTE 24 GENAAMD ZYLSTROOM) VAN DIE PLAAS SCHWEIZER RENEKE DORP EN DORPSGRONDE.

Kennis word hiermee ooreenkomstig die bepalings van Artikel 33 van die Behuisingswet (Wet Nr. 10 van 1957) en kragtens die magtiging uitgereik deur die Minister van Behuising, gegee, dat dit die voorneme van die Dorpsraad is om Gedeelte 42 ('n gedeelte van gedeelte 24 genaamd Zylstroom) te onteien.

J. C. BUYS.
STADSKLERK.

Munisipale Kantore,
SCHWEIZER RENEKE.
4 Julie 1963.

Kennisgewing van die onteiening van 'n gedeelte van Zylstroom, die plaas van Mnr. G.P. van Zyl (**Bron:** Schweizer-Reneke Dorpsraad (SRD), N1/1)

dus in 1957 genader het om 'n gedeelte van die plaas vir verdere swart dorpsontwikkeling te verkoop, het hy dit duidelik gestel dat hy nie belangstel nie.[59]

Alhoewel daar ander dorpsgrond beskikbaar vir dorpsontwikkeling was, was dit onprakties aangesien dit nie aan die bestaande lokasie gegrens het nie. Om hierdie rede is die aankoop van 'n gedeelte van Zylstroom as die beste oplossing vir die knellende probleem beskou.[60] Dit was egter makliker gesê as gedaan, en die grond is na 'n bitter stryd tussen die Dorpsraad van Schweizer-Reneke en Van Zyl gedurende 1962 onteien.[61] Na die onteiening kon standplase in die nuwe uitbreiding uitgemeet word.[62]

## 3.7 WET OP GROEPSGEBIEDE - 'N NUWE RIGTING

Die onteiening en die ontwikkeling wat plaasgevind het, was in ooreenstemming met die regering se Groepsgebiedewet van 1950. Volgens hierdie wet is daar voorsiening vir die afbakening van afsonderlike woongebiede vir die onderskeie bevolkingsgroepe gemaak.[63]

Kleurlinge is ook in Lokasie Twee geakkommodeer en daarom moes die Dorpsraad volgens die bepalings van die wet 'n Kleurlingwoongebied proklameer. Dit het beteken dat die Kleurlinge wat in die lokasie gewoon het, na hulle eie woongebied moes trek. Die Indiërs sou eers in 1969 'n geproklameerde gebied kry.[64]

Aangesien Lokasie Twee ingevolge die Wet op Groepsgebiede die swart woongebied van Schweizer-Reneke was, het dit by implikasie beteken dat die swart mense wat nog in Lokasie Een gewoon het na Lokasie Twee móés trek.

Teen 1959 was daar egter nog 19 swart gesinne wat nie Lokasie Een verlaat het nie. Die saak van die bittereinders is ook onder die aandag van die Departement van Bantoe-administrasie gebring.[65]

---

59 OSR, N 1/1: Brief: Memorandum van Schweizer-Reneke vir regsmening op verdere aspekte van onteiening en waterbelasting, p. 1.

60 SR, Mondelinge mededeling, J.J. Kotzé, voormalige Raadslid/S.J. Bester, 03.03.1995.


61 Van Zyl het voortgegaan met sy boerderybedrywighede op die oorblywende gedeelte tot 1968. Hy het die grond aan 'n ander boer in die omgewing, mnr. A. Roos verkoop. Daarmee het hy finaal die bande met Zylstroom verbreek, maar het tot sy dood in Schweizer-Reneke gewoon.

62 OSR, N 1/1: Brief: Memorandum namens die Dorpsraad van Schweizer-Reneke vir regspleging op verdere aspekte van onteiening en waterbelasting, p. 1.

63 W. Beinart, **Twentieth Century South Africa**, pp. 147-148.

64 OSR, D 7/3, Vol. 1: Kopie van die Staatskoerant, 14.03.1969.

65 SAB, NTS, 5986, 102/313 N: Naturelle-Kommissaris/W.P. Els, Stadsklerk, Schweizer-Reneke, 10.12.1959.




Die ligging van Schweizer-Reneke ten opsigte van Bophuthtswana (**Bron**: Buro vir Ekonomiese Navorsing insake Bantoe-ontwikkeling, **Bophuthatswana: Ekonomiese-Economic Revue**)

'n Afvaardiging van die Departement het Schweizer-Reneke vroeg in 1960 besoek om hulle van die situasie te vergewis. Tydens die besoek is daar duidelik aan die Dorpsraad gestel dat die 19 gesinne aan vervolging blootgestel sou word as Lokasie Een gedeproklameer word.[66] Aangesien hulle nie 'n ander keuse gehad het nie, het die oorblywende swart inwoners toegegee aan die Dorpsraad se versoek om Lokasie Een te ontruim.

Daarmee het die lang verskuiwingsproses teen die vroeë 1960's tot 'n einde gekom. Dit het beteken dat daar nie meer 'n Lokasie Een bestaan het nie en dat Lokasie Twee die enigste swart woongebied van Schweizer-Reneke was.

## 3.8 MOONTLIKE VERSKUIWING AFGEWEER

Die Bantoetuislandbeleid van Suid-Afrika was, net soos die Wet op Groepsgebiede, 'n uitvloeisel van die apartheidsbeleid van die regerende Nasionale Party. Teen 1972 was daar nege tuislande, waarvan Bophuthatswana een was.

Die tuislande is deur die regering beskou as die nasionale tuistes van die swart mense van Suid-Afrika - ook dié wat in die sogenaamde blanke gebiede gewoon het.[67] In ooreenstemming hiermee het die Wes-Transvaalse Streeksontwikkelingsvereniging van die Departement Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning hom vir die verskuiwing van die swart woongebiede na gebiede nader aan of binne die Bantoetuislande begin beywer.

Die swart woongebied by Schweizer-Reneke sou na Taungs in die Bophuthatswana-tuisland verskuif word. Hierdie voorgenome verskuiwing is egter nie gunstig deur die Dorpsraad van Schweizer-Reneke ontvang nie. Die Dorpsraad het gemeen dat die Lokasie reeds goed gevestig was, met byvoorbeeld skole, kerke en munisipale dienste wat deur die Dorpsraad gelewer word. So 'n verskuiwing sou verder arbeidsprobleme veroorsaak en finansieel sou dit ook nadelig vir Schweizer-Reneke wees.[68]

Die Wes-Transvaalse Streeksontwikkelingsvereniging het in November 1971 'n kongres op Schweizer-Reneke gehou. Op hierdie kongres was dit duidelik dat die Vereniging van mening was

---

66 SAB, NTS, 5986, 102/313 N: Stadsklerk, Schweizer-Reneke/Sekretaris van Bantoe-Administrasie en ontwikkeling, 20.01.1960.

67 C.F.J. Muller (red.), **500 jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis**, pp. 537, 498; N. Worden, **The making of modern South Africa: conquest, segregation and apartheid**, pp. 110-113..

68 SR, Mondelinge mededeling, J.J. Ebersohn, Voormalige Raadslid/S.J. Bester, 19.12.1994.

dat die voorgenome verskuiwing van swart woongebiede tot voordeel van Bantoetuislandontwikkeling was. Met die voorgenome verskuiwing kon daar volgens die Vereniging nuwe groeipunte vir die Bantoetuislande geskep word.[69]

Terwyl munisipaliteite van buurdorpe soos dié van Delareyville hierdie verskuiwings gunstig gesind was, het die Dorpsraad van Schweizer-Reneke dit nog steeds teengestaan. Dit was egter eers teen die middel van 1975 dat die Departement van Bantoe-administrasie en Ontwikkeling uiteindelik geswig het voor die versoek dat die lokasie by die dorp moes bly.[70]

Alhoewel hiérdie Wet nog binne die raamwerk van 'n apartheidstruktuur geskied het, het die vooruitsig na 'n eie administratiewe bestuur 'n opgewondenheid by die Ipelegengleiers gewek. In 'n sekere sin het hulle nou "ontvang" waarna die Korannas en oud-bewoners, laasgenoemde gedurende die jare twintig, so gesmag het. Die Wet op die Administrasie van swart woongebiede is in 1971 uitgevaardig. Hierdie wet het voorsiening gemaak vir die instelling van Administrasierade wat die administrasie van swart woongebiede by blanke munisipaliteite oorgeneem het.[71]

Voordat Wes-Transvaal sy Bantoe-Administrasieraad gekry het, was daar sprake dat die swart woongebied by Schweizer-Reneke by die Bantoe-Administrasieraad van die Vryburggebied ingesluit gaan word. In 1971 het die Dorpsraad van Schweizer-Reneke vertoë in hierdie verband aan die Departement van Bantoe-Administrasie en Ontwikkeling gerig.

Die Dorpsraad van Schweizer-Reneke wou hê dat die lokasie eerder by die voorgenome Wes-Transvaalse Bantoe-Administrasieraad ingeskakel word. Die Raad het gemeen dat Schweizer-Reneke deel vorm van Wes-Transvaal en nie by die Vryburggebied ingeskakel moes word nie. Hierdie vertoë aan die Departement was geslaagd, en die lokasie sou by die Wes-Transvaalse Bantoe-Administrasie ingesluit word.[72]

---

69 **Die Wolmaransstadter**, 12.11.1971.

70 OSR, 13/3/1: Wes-Transvaalse Bantoe-Administrasieraad: Bantoebehuising: Verslag oor samesprekings met die Adjunk-Minister van Bantoe-Administrasie en Ontwikkeling, 03.07.1975.

71 J.J.N. Cloete, **Sentrale, regionale, en plaaslike owerheidsinstellings in Suid-Afrika**, p. 257.

72 OSR, 13/8: Stadsklerk, Schweizer-Reneke/Sekretaris van die Departement van Bantoe-Administrasie, 09.11.1971.

Teen die middel van 1972 is die Dorpsraad van Schweizer-Reneke ingelig oor die voorbereidings vir die stigting van die Bantoe-Administrasieraad van die Wes-Transvaalstreek. Die stigting van die Bantoe-Administrasieraad is dan ook op 18 Augustus 1972 aangekondig.[73]

## 3.9 GROTER SELFSTANDIGE PLAASLIKE BESTUUR

Met die gebiedsuitbreiding en verbeterde infrastruktuur was Lokasie Twee gereed om sy rol as amptelike swart woongebied by Schweizer-Reneke te vervul. Na die toepassing van die Groepsgebiedewet kon die lokasie ook as dorpsgrond, in die ware sin van die woord, onder die plaaslike bestuur funksioneer. Dit het beteken dat die swart plaaslike bestuur groter verantwoordelikheid vir die swart dorpsontwikkeling by Schweizer-Reneke gehad het.

Met die inskakeling by die Bantoe-administrasieraad van die Wesvaalstreek is die woongebied op die weg van groter outonomie geplaas. Hieruit het verdere dorpsontwikkeling vir Ipelegeng en groei voortgespruit, wat uiteindelik volle deelname in plaaslike bestuur sou meebring. Hoofstuk vier fokus op die rol van die Raad in die verdere ontwikkeling van Ipelegeng.

---

73 Republiek van Suid-Afrika, **Staatskoerant**, 18.08.1972.